
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

basic education

Department:
Basic Education
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

## MEI/JUNIE 2025

**PUNTE: 80**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye.**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS


## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip | (30) |
| AFDELING B: | Opsomming | (10) |
| AFDELING C: | Taal | (40) |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

4. Trek 'n streep na elke afdeling.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat 'n reël oop na ELKE antwoord.

7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Beplan jou tyd só:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 50 minute |
| AFDELING B: | 20 minute |
| AFDELING C: | 50 minute |

9. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou
SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS



## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1

Lees die artikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

### TEKS A: ARTIKEL

**OP REIS DEUR SUID-AFRIKA**
**Nege provinsies ... elk met sy eie 'móét sien'**


1 Covid het Suid-Afrika se toerisme baie benadeel. Gelukkig het dit beter geword en toer mense weer deur die land. Groter stede soos Kaapstad en plekke soos die Nasionale Krugerwildtuin kry altyd baie besoekers. Maar daar is ander dorpe en plekke wat ook die moeite werd is om te besoek. Kom ons gaan dus op reis na hierdie plekke!

2 Naby Simonstad in die **Wes-Kaap** is Boulders-strand. Dit is deel van die Tafelberg Nasionale Park. Omdat groot rotse die golwe afkeer, is dit 'n veilige strand. Duisende Afrika-pikkewyne lê op die groot rotse en baie besoekers kom kyk na hierdie swart en wit seevoëls met hulle unieke stappie.



3 Die Kangogrotte naby Oudtshoorn is iets heel anders. Hierdie grotte is eeue gelede deur die San-mense bewoon. Hulle rotstekeninge kan vandag nog gesien word. Die lengte van die grotte is ongeveer 5 km. Altesaam 25 kamers is reeds ontdek, maar nuwe paadjies en kamers word steeds gevind.

4 Wil jy meer weet van die geskiedenis van Suid-Afrika? Dan móét jy Bathurst in die **Oos-Kaap** besoek. In hierdie klein dorpie is die erfenis van die 1820-Setlaars nog baie duidelik. Die Pig and Whistle Pub is die oudste kroeg in die land. Iets anders wat ook baie uniek is, is die groot kunspynappel wat 16,7 m hoog is en op Summerhill-plaas staan.



5 Die Uilhuis op Nieu-Bethesda is ook iets om te sien. Hierdie kunswerk van Helen Martins is 'n voorlopige nasionale monument om 'n wêreld van kuns en beeldhoukuns uit te beeld. Daar is beelde van vroue, meerminne, kamele, pelgrims en natuurlik uile.

6 In die **Noord-Kaap** is die Augrabieswaterval Nasionale Park. Hier kry jy die wonderlike Augrabieswaterval met 'n hoogte van 56 m. Die naam beteken 'plek van groot geraas' en wanneer jy die waterval besoek, sal jy presies weet hoekom.



SA EXAM PAPERS

Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS



7 Langs die Noord-Kaap lê **Noordwes**. Hier is die Pilanesberg Nasionale Park en Wildreservaat. Dit is nie 'n baie groot park nie, maar daar is heelwat voëls en wild, wat die Groot Vyf insluit. Op pad na hierdie park, kan jy afdraai Sun City toe. Die baie waterglybane en die nagemaakte see bring baie pret vir groot en klein.

8 **Gauteng** is die finansiële hart van Suid-Afrika. Geen wonder dat Gold Reef City in Johannesburg gebou is waar goud jare gelede ontdek is nie. Dit is die regte plek vir mense wat van avontuur hou. Daar is die Raging River Rapids, die Cups & Saucers en die opwindende Anaconda waarop jy kan ry. Jy kan ook die Erfenistoer doen en alles leer oor die storie van goud aan die Witwatersrand.

9 Die Hoedspruit Endangered Species Centre in **Limpopo** is die blyplek van wilde diere soos die Afrika-wildekat, wildehonde en swartwitpense. Hierdie sentrum het verskeie programme vir diere, byvoorbeeld 'n plek waar cheetahs geteel word en 'n program om renosterstropery te stop. Hulle laat beseerde diere weer vry in die natuur as hulle kan.

10 **Mpumalanga** ... 'plek van die opkomende son'. Kaapsche Hoop is 'n klein dorpie sowat 35 km buite Nelspruit. Die dorpie is baie bekend vir die wilde perde wat in en om die dorp rondloop. Die Royal Coach wat in die dorp staan, is 'n treintrok wat in 1947 deur Koningin Elizabeth II van Engeland gebruik is tydens haar besoek aan Suid-Afrika.

11 Die Golden Gate Hoogland in die **Vrystaat** lê naby die Lesothogrens. Dit is die enigste nasionale park in die Vrystaat en natuurlike habitat vir wild soos wildebeeste en springbokke. Daar is ook sowat 140 voëlspesies. Die naam Golden Gate kom van die pragtige goue kleur wat veroorsaak word deur die son wat op die sandsteenklowe en rotse skyn. Die Brandwagrots is die bekendste rots.



12 In **KwaZulu-Natal (KZN)** vind ons die suikerrietlande, piesangboorde en natuurlik die see en heerlike swemstrande. In hierdie provinsie kry jy 'n ander ervaring as jy met die Umgeni Stoomtrein tussen Kloof en Inchanga deur die pragtige Vallei van 'n Duisend Heuwels ry. Die trein loop deur 'n 53 m lange tonnel in Drummond wat in 1878 gebou is. St. Lucia is ook 'n besondere plek. Hierdie dorpie word deur baie inheemse mere omring. Seekoeie in die pad is niks vreemds hier nie.

13 Die juwele waarvan jy hier gelees het, is maar net 'n paar wat Suid-Afrika vir toeriste kan wys. Gaan reis! Leer ken jou land!

[Bron: Verwerkte teks uit verskeie bronne]



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**LET WEL:**

- Beantwoord AL die vrae.
- Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

1.1 Wat het veroorsaak dat mense vir 'n paar jaar lank nie in ons land getoer het nie? (1)

1.2 Noem TWEE plekke in Suid-Afrika wat volgens paragraaf 1 deur baie mense besoek word. (2)

1.3 Watter tipe seevoëls kan 'n mens op Boulders-strand sien? (1)

1.4 Hoe weet ons dat die San-mense eeue gelede in die Kangogrotte gewoon het? (1)

1.5 Met watter groep mense in ons land se geskiedenis word Bathurst verbind? (1)

1.6 Watter EEN woord in paragraaf 7 sê vir ons dat die see by Sun City nie 'n regte see is nie? (1)

1.7 "**Gauteng** is die finansiële hart van Suid-Afrika." (Reël 36)

1.7.1 Word "finansiële hart" binne hierdie konteks LETTERLIK of FIGUURLIK bedoel? (1)

1.7.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.7.1. (1)

1.8 Noem TWEE soorte diere wat by die Hoedspruit Endangered Species Centre aangehou of beskerm word. (2)

1.9 VOLTOOI die sin hieronder deur EEN woord uit die teks in te vul.

Mense gaan kyk graag na die … wat wild in Kaapsche Hoop rondloop. (1)

1.10 Waarom sal Engelse toeriste trots voel as hulle Kaapsche Hoop besoek? (1)

1.11 Die Golden Gate Hoogland is een van drie nasionale parke in die Vrystaat.

Motiveer waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

1.12 Watter rots in die Golden Gate Park is die bekendste? (1)

1.13 Wat behoort iemand wat graag in die see swem, te oorreed om in KZN vakansie te gaan hou? (1)

1.14 Watter groot dier(e) loop in St. Lucia rond? (1)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.15 Die verskillende provinsies het elkeen sy eie mooi plekke en interessante dinge om te sien.

Kies 'n plek uit KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf net die letter (A–F) langs die vraagnommers (1.15.1 tot 1.15.5) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.15.1 | Kunsskatte | A | Gold Reef City se Erfenistoer |
| 1.15.2 | Natuurwonder | B | die Umgeni Stoomtrein |
| 1.15.3 | Die pad van SA se rykdom | C | teelsentrum vir cheetahs |
| 1.15.4 | Wildbewaring | D | Sun City |
| 1.15.5 | Historiese waarde | E | die Uilhuis |
| | | F | die 'plek van groot geraas' |

(5 x 1) (5)

1.16 Hoe help die prente in hierdie teks jou? (1)

1.17 Waarom sal hierdie artikel jou inspireer om Suid-Afrika te leer ken? Motiveer in jou EIE woorde. (1)


SA EXAM PAPERS
Proudly South African


SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS


## TEKS B

Bestudeer die advertensie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**NAVORSING BEWYS HOEVEEL JY VIR PEUSELHAPPIES VIR VIER MENSE BETAAL**




**Aartappelskyfies (120 g)**
**Checkers:** R19,99
**Pick n Pay:** R18,99
**Spar:** R19,99
**Woolworths:** R20,99

**Agurkies (265 g)**
**Checkers:** R36,99
**Pick n Pay:** R38,49
**Spar:** R34,99
**Woolworths:** R41,99 **(385 g)**

**Biltong (500 g)**
**Checkers:** R119,99
**Pick n Pay:** R119,99
**Spar:** R164,99
**Woolworths:** R249,99

**Salticrax (200 g)**
**Checkers:** R32,99
**Pick n Pay:** R36,99
**Spar:** R33,99
**Woolworths:** R36,99

**Droëwors (500 g)**
**Checkers:** R119,99
**Pick n Pay:** R171,42
**Spar:** R293,30
**Woolworths:** R231,23

**Kersietamaties (250 g)**
**Checkers:** R12,99
**Pick n Pay:** R19,99
**Spar:** R14,99
**Woolworths:** R28,74

**Roomkaas (230 g)**
**Checkers:** R52,99
**Pick n Pay:** R50,99
**Spar:** R51,99
**Woolworths:** R57,99

**TOTALE BEDRAG BETAALBAAR BY ELK VAN DIE WINKELS**

| Checkers | Pick n Pay | SPAR | WOOLWORTHS |
|---|---|---|---|
| **R395,93** | **R456,86** | **R614,24** | **R667,91** |

[Bron: Verwerk uit *Die Burger*, 9 September 2023]

1.18 Haal EEN woord uit hierdie teks aan wat aandui dat ons die inligting kan glo. (1)

1.19 In watter bron het hierdie advertensie verskyn? (1)


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS



1.20 Kyk na die prentjie van die leeu op die aartappelskyfies.



Waarom is die simbool van die leeu met die kroon op sy kop effektief? (1)

1.21 Wat is die funksie van die lyne in die teks? (1)

1.22 Kyk na die inligting oor die agurkies.

Waarom sou jy steeds spaar as jy die agurkies by Woolworths koop? (1)

1.23 Hoe gaan die inligting in hierdie teks jou help indien jy 'n partytjie moet beplan? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING B: OPSOMMING

Lees die teks hieronder en voer die instruksies uit.

### VRAAG 2

Te veel van enige ding is sleg vir jou.

### INSTRUKSIES

1. Som die SEWE nadele van SOSIALE MEDIA in jou EIE VOLSINNE op.
2. Skryf die **nadele** puntsgewys neer.
3. Nommer die **nadele** van 1 tot 7.
4. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
5. Dui die korrekte getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

### TEKS C

**DIE NADELE VAN SOSIALE MEDIA**

Sosiale media is baie gewild onder tieners en jongmense, maar dit hou ook baie nadele vir hulle in. Hier volg 'n paar sulke nadele.

Baie van ons kinders is onaktief en oorgewig. Hulle bestee eerder tyd aan sosiale media as om fisiese oefening te kry. Tieners bly tot laat wakker om deur sosiale media te blaai en te blaai. 'n Studie deur navorsers in Londen het bevind dat dit tot slaaploosheid onder tieners lei.

Kommunikasie op sosiale media beteken dat 'n mens met en deur 'n skerm met ander gesels. Mense kruip agter emotikons en afkortings soos 'LOL' weg. Op hierdie manier kan 'n mens nie altyd seker wees wat ander dink of voel nie. Nog 'n probleem wat hieruit voortvloei, is dat mense bang is om direk mens tot mens te praat. Dit skep probleme in verskillende werksituasies.

Sosiale media laat mense maklik toe om 'n vals beeld van hulleself en hulle leefwêreld te skep. Hulle deel graag net die mooiste en die beste. Dit kan veroorsaak dat ander mense wat al hierdie goed sien, depressief raak omdat hulle eie lewens nie so mooi en goed is nie. Dit maak ook die deur oop vir ander probleme. Boelies gebruik die kans om mense seer te maak, want hulle kan daarmee wegkom.

Daar word baie inligting op sosiale media gedeel. Dit sluit fopnuus en propaganda in. Die nadeel hiervan is dat mense nie altyd weet wat waar is of nie.

Onthou: Wees versigtig met sosiale media!

[Bron: Verwerkte teks uit verskeie bronne]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS



## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

### VRAAG 3: ADVERTENSIE

- Die taalvrae wat volg, is op die advertensie (TEKS D) hieronder gebaseer.
- Die nommering in die advertensie verwys na die nommer van die vraag wat beantwoord moet word.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

**TEKS D**


# LEKKER LAG LEERSENTRUM

As skool jou nie alles leer (3.3) (in wat) jy belangstel nie, sal ons!

Daar is verskeie kursusse om uit te (3.4) kies:

- Kook
- Naaldwerk
- Robotika
- Ontwerp
- Kuns
- Musiek





Al ons tutors is gekwalifiseerd in die leerarea wat hulle aanbied.

NIEMAND IS TE OUD OF TE JONK NIE!

Oggend- en middagsessies beskikbaar!



Kontak Samantha by 088 526 5496
of e-pos: lll@leersentrum.com

Volg ons!

[Bron: Eie teks]



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS


3.1 Kies die KORREKTE ANTWOORD uit dié tussen hakies.

Die "l"-alliterasie in die naam van die sentrum skep 'n (ontspanne/gespanne) gevoel by die leser. (1)

3.2 Hoe trek die adverteerder die leser se aandag in die res van die advertensie? Noem TWEE dinge. (2)

3.3 Gee die BETREKLIKE VOORNAAMWOORD van die woorde tussen hakies.

As skool jou nie alles leer (in wat) jy belangstel nie, sal ons! (1)


3.4 Kies die KORREKTE ANTWOORD uit dié tussen hakies.

Die funksie van die dubbelpunt is om aan te dui dat (die aktiwiteite met hoofletters gespel moet word/'n lys van dinge genoem word). (1)

3.5 Waarom is dit effektief dat die adverteerder laggesiggies as kolpunte gebruik? (1)

3.6 Waarom is dit goed dat die adverteerder noem dat die tutors in hulle leerareas gekwalifiseerd is? (1)

3.7 Kies die KORREKTE ANTWOORD om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.7) neer.



Die emoji hierbo is gepas omdat die adverteerder wil hê lesers moet ...

A skool los en net hierdie kursusse voltooi.
B so gou as moontlik met die kursus begin.
C weet dat net jongmense die kursusse mag bywoon.
D tevrede voel met alles wat hulle oor die leersentrum uitgevind het. (1)

3.8 Waarom is dit 'n goeie idee dat kursusse in die oggend én middag plaasvind? (1)

3.9 Watter inligting kan ons by hierdie advertensie voeg om dit nóg meer suksesvol te maak? (1)
**[10]**

Kopiereg voorbehou
SA EXAM PAPERS Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS



## VRAAG 4: STROKIESPRENT

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent (TEKS E) hieronder gebaseer.
- Die nommering in die strokiesprent verwys na die nommer van die vraag wat beantwoord moet word.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

### TEKS E




[Bron: Verwerk uit *MamaTaxi*]

4.1 Watter woord in RAAMPIE 1 sê vir ons dat Frikkie geskok is? (1)

4.2 Kyk na RAAMPIE 1 en RAAMPIE 2.

4.2.1 Kies die KORREKTE ANTWOORD uit dié tussen hakies.

Uit Mavis se woorde in RAAMPIE 1 kan ons aflei dat sy Frikkie (beledig/mislei). (1)

4.2.2 Hoe weet ons uit RAAMPIE 2 dat Frikkie nie kan glo wat Mavis vir hom sê nie? (1)



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



4.3 Kyk na RAAMPIE 3.

Hoe weet ons dat Frikkie nie verstaan wat nou hier gebeur nie? Gee TWEE redes. (2)

4.4 Skryf die sin hieronder in die INDIREKTE REDE. Gebruik **of** in jou antwoord.

Thandi vra: "Brei jy regtig 'n serp vir die spietkop?" (1)

4.5 Kies die KORREKTE ANTWOORD om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.5) neer.

Kyk na RAAMPIE 5.

As Mavis vir Thandi vra **of sy laf is**, is ...

A dit omdat sy vir Frikkie kwaad is.
B Mavis sarkasties teenoor Thandi.
C dit omdat Mavis dink Thandi wil haar laat lag.
D dit omdat sy sleg voel dat sy sommer net weggery het. (1)

4.6 Kies die korrekte LIDWOORD tussen hakies.

Ek soek net (die/'n) verskoning om te brei en te bestuur. (1)

4.7 Kyk na RAAMPIE 6.

4.7.1 Waarom word hierdie tekens (£#$%&) in Thandi se woorde gebruik en nie die regte woord wat sy gesê het nie? (1)

4.7.2 Wat sou jy vir Thandi gesê het as jy Mavis was?

VOLTOOI Mavis se woorde: Thandi, ...! (1)
**[10]**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS


## VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT

- Die taalvrae wat volg, is op die artikel (TEKS F) hieronder gebaseer.
- Die nommering in die artikel verwys na die nommer van die vraag wat beantwoord moet word.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

5.1 Lees die artikel en beantwoord die vrae.

**TEKS F**

**NIEL STEYN, WEÉR ONNIEVEERDER VAN DIE JAAR**

(5.1.1) Tegnologie word al meer in skole gebruik. Onderwysers word aangemoedig om tegnologie op (5.1.2) (kreatief) maniere in hulle onderrig te gebruik.

Die Solidariteit Skoleondersteuningsentrum (SOS) hou die (5.1.3) (afgelope) vier jaar die Onnieveerder van die Jaar-kompetisie. Hierdie kompetisie is om te sien watter onderwysers tegnologie op die mees innoverende manier (5.1.4) (…) die klaskamer gebruik. Niel Steyn hou skool (5.1.5) (by) 'n laerskool in die Paarl. Hy het in 2023 die (5.1.6) (twee) keer met die prys weggestap.

Steyn sê hy gebruik graag tegnologie om die (5.1.7) (baie) leer uit sy leerders te haal. Dit maak (5.1.8) (…) opgewonde om te weet hy werk met kinders wat die toekoms van die land is. Hy het sy (5.1.9) *(prize)* by 'n funksie in Pretoria ontvang.

Hierdie funksie is ook gebruik (5.1.10) (die wenners van 'n ander kompetisie vereer). Dit was nog 'n SOS-kompetisie. Hierdie kompetisie skep 'n scenario waarbinne leerders (5.1.11) (maklike) probleme moet oplos. Hulle doen dit (5.1.12) (deur middel van) die integrasie van verskillende vakke soos wiskunde, tegnologie, taal, kuns en kodering. (5.1.13) (Die kompetisie is vir die eerste keer gehou. Die wenskole is aangewys.)

[Bron: *Netwerk 24/Beeld*, Maandag 20 November 2023]

5.1.1 Skryf die sin in die TOEKOMENDE TYD.

Tegnologie word al meer in skole gebruik. (1)

5.1.2 Gee die KORREKTE VORM van die woord tussen hakies.

Onderwysers word aangemoedig om tegnologie op (kreatief) maniere in hulle onderrig te gebruik. (1)

5.1.3 Verdeel die onderstreepte woord korrek in LETTERGREPE.

Die Solidariteit Skoleondersteuningsentrum (SOS) hou die <u>afgelope</u> vier jaar die Onnieveerder van die Jaar-kompetisie. (1)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



5.1.4 Vul die ontbrekende VOORSETSEL in.

Hierdie kompetisie is om te sien watter onderwysers tegnologie op die mees innoverende manier … die klaskamer gebruik. (1)

5.1.5 Gebruik die HOMONIEM van die woord tussen hakies in 'n sin sodat die betekenis duidelik is.

Niel Steyn hou skool (by) 'n laerskool in die Paarl. (1)

5.1.6 Gee die KORREKTE VORM van die woord tussen hakies.

Hy het in 2023 die (twee) keer met die prys weggestap. (1)

5.1.7 Gee die OORTREFFENDE TRAP van die woord tussen hakies.

Steyn sê hy gebruik graag tegnologie om die (baie) leer uit sy leerders te haal. (1)

5.1.8 Vul die ontbrekende VOORNAAMWOORD in.

Dit maak … opgewonde om te weet hy werk met kinders wat die toekoms van die land is. (1)

5.1.9 Gee die KORREKTE AFRIKAANS vir '*prize*'. (1)

5.1.10 Skryf die gedeelte tussen hakies in die INFINITIEF. Skryf die hele sin uit.

Hierdie geleentheid is ook gebruik (die wenners van 'n ander kompetisie vereer). (1)

5.1.11 Gee die ANTONIEM van die woord tussen hakies.

Hierdie kompetisie skep 'n scenario waarbinne leerders (maklike) probleme moet oplos. (1)

5.1.12 Gee die AFKORTING vir die woorde tussen hakies.

Hulle doen dit (deur middel van) die integrasie van verskillende vakke soos wiskunde, tegnologie, taal, kuns en kodering. (1)

5.1.13 Verbind die sinne met die VOEGWOORD tussen hakies. **Begin** met die voegwoord. Plaas die KOMMA op die regte plek.

Die kompetisie is vir die eerste keer gehou. Die wenskole is aangewys. (Nadat) (2)


SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS



5.2 Kyk na die prent en beantwoord die vrae.

**TEKS G: PRENT**




[Bron: google images]

5.2.1 Vorm 'n PERSOONSNAAM van die woord tussen hakies.

Kayla is 'n goeie (persoon wat foto's neem). (1)

5.2.2 Kies die KORREKTE ANTWOORD uit dié tussen hakies.

Jodie sit (lanks/langs) Kayla. (1)

5.2.3 Gee die VERKLEINWOORD van die woord tussen hakies.

Fred dra 'n kort (trui). (1)

5.2.4 Gee die VERLEDE DEELWOORD van die woord tussen hakies.

Karen dra (gestreep) kouse. (1)

5.2.5 Skryf die sin oor in die ONTKENNING.

Daar lê iets op die tafel. (1)

5.2.6 Vul die ONTBREKENDE woord in.

Kyk na die kinders se hare.

Kayla het 'n **vlegsel**, Karen het 'n **bolla** en Jodie het 'n **kuif**. Elkeen het 'n unieke ... (1)

**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou

SA EXAM PAPERS
Proudly South African